Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien
# LYNNIES BEELD
ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD
www.lynnwoodlaer.co.za
Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 3: Nommer 2 – 1 Augustus 2025

## OUERLEIDING




**Met respek gesê…**
Ons wêreld is in 'n respek-krisis gedompel. Leer kinders om respek vir ander en hulself te hê en maak hulle suksesvol en gelukkig.

Dis skokkend om te hoor hoe kinders met mekaar, ouer mense, hul onderwysers, afrigters, ons skool se algemene assistente en selfs hul ouers praat en teenoor hul optree.

Respek word aangeleer en word ingeneem deur wat hulle hoor, sien en dan naboots. As ouers nie mekaar, hul kinders en hul kinders se gesagsfigure met respek behandel nie, sal kinders dieselfde doen.

Kinders en volwassenes kom dikwels weg met respeklose gedrag, omdat die mense in hulle lewe dit maar aanvaar en daaraan gewoond geraak het. Ouers kyk dikwels hul kinders se aandeel in konflik mis en kies die kind se kant om hom te beskerm of selfs sy guns te wen. Iets of iemand anders word vir die kind se oneerbiedige gedrag geblameer.

Soms word die kind se gedrag gerasionaliseer, omdat ouers nie afbrekend teenoor die kind wil wees nie. Dit is vir ouers moeilik om te erken dat hulle kinders ongemanierd en ongeskik is.
Die basiese waarde van respek moet van kleins af tuis aangeleer word.
Leer jou kind respek:

- <u>Die basis van respek is goeie maniere en empatie</u>: Leer hulle goeie maniere. Begin by basiese maniere. Dankie, asseblief, ekskuus, mooi groet, toestemming om ander se goed te gebruik.
- <u>Let op kommunikasie vaardighede</u>: Ek bly stil as iemand praat; ek luister werklik; ek maak oogkontak; ek is bewus van my lyftaal.
- <u>Verwag sosiale vaardighede</u>:
  - Ons deel met mekaar.
  - Ons gee ander ook 'n beurt.
  - Ander mag van my verskil sonder dat ek verdedigend of aggressief raak.
  - Ek respekteer ander se persoonlike ruimte, besittings en besluite.
  - Ek gee ander erkenning en komplimente.
- <u>Leer hulle empatie</u>: Fokus op waardes en lewenswyshede- eerlikheid, vertroue, waardering en respek.Ek respekteer myself, my werk en my omgewing.Omgee en begrip bou verhoudings. Verstaan hoe jou optrede ander raak.
- <u>Wees vir jou kind 'n rolmodel en gee hulle rede om jou te respekteer</u>: Kinders wat nie hul ouers respekteer nie, respekteer selde hulself of ander mense.
- <u>Verwag goeie maniere:</u> Fokus op goeie gedrag en beloon dit met aandag en positiewe terugvoer.

- <u>Hoe behandel 'n ouer sy werknemer</u>? Gedrag word nageboots en ongelukkig is dit wat ons personeel toenemend beleef … met respek gesê… meestal nie navolgenswaardig nie.

Die ikone van die wêreld, Nelson Mandela en Moeder Teresa se groot invloed het juis daarin gelê dat hulle almal, selfs diegene van wie hulle ingrypend verskil het, met die grootste respek behandel het – inderdaad 'n waardevolle les vir die mensdom.

## DAGBESTUUR

Die Dagbestuur wens Die hoof van Die Hoërskool Menlopark, meneer Hartman geluk met sy verjaarsdag.



Die Dagbestuur het me De Wet van Afrikaans Hoër Meisies Pretoria geluk gewens met haar verjaarsdag.



Die Dagbestuur wens juffrou Izette en meneer Kurt geluk met hul verjaarsdag.



Die Dagbestuur het afgeskop met hul eerste opleiding vir kwartaal 3. Leoni du Preez van Gro-Life het emosies en hoe om dit te beheer, aangespreek.





# SPORT

## NETBAL

**Wat staan *L* voor? *L*ynnies en *L*egends"**

Die afgelope naweek het die o/12 A netbalspan aan die Nasionale netbalkampioenskappe deelgeneem. Hierdie dogters het beide Vrydag en Saterdag teen verskeie spanne reg oor die land gespeel. Hulle eindig algeheel 9de in die land en ons is baie trots op hulle! Hulle het hard die vakansie gewerk en kan nou lekker rus. Ons sien uit na 2026 se netbalseisoen en wat dit mag inhou.

## BERGFIETS

**Bergfiets-pretrit by Rosemary Hill – 26 Julie 2025**

Op Saterdag, 26 Julie, het ons leerders 'n heerlike bergfietsavontuur by Rosemary Hill beleef. Die pragtige natuurtonele en opwindende roetes het vir hope pret en uitdagings gesorg. Al die fietsryers het met entoesiasme deelgeneem en hul fietsvaardighede ten toon gestel. Dit was 'n dag vol lag, samehorigheid en 'n gesonde buitelugaktiwiteit. Baie dankie aan almal wat uitstappie bygewoon het.





Kom ondersteun gerus die Lynnie-fietsryers wat hierdie komende Saterdag, 2 Augustus gaan deelneem aan Gautengskole by Riversand Farm Village.
Sien julle daar!

## HOKKIE

Ons is uiters trots op die volgende o/13 dogters wat vir die 2025 Noord-Gauteng Hokkiespanne gekies is:

- Isabella du Toit (o/13A)
- Leila Clark (o/13B)
- Liebe Nel (o/13B)
- Jana de Kock (o/13B)

Tydens die Julie-vakansie het hierdie dogters in hul onderskeie spanne getoer. Isabella het Noord-Gauteng in die Interprovinsiale Toernooi ("IPT") in Johannesburg verteenwoordig. Leila, Liebe en Jana het Noord-Gauteng by die Streekstoernooi ("Regionals") in Potchefstroom verteenwoordig.

Baie geluk met hierdie uitsonderlike prestasie!







## KRIEKET

Lynnwood het verlede week vriendskaplike wedstryde teen Laerskool Anton van Wouw gespeel en al die wedstryde gewen. Ons speel hierdie week liga wedstryde teen Laerskool Tygerpoort en het sover nog net 1 wedstryd verloor. Volgende week speel Lynnies liga wedstryde teen Laerskool Menlopark.

<u>Volgende week se bepalings</u>:

| | | |
|---|---|---|
| Maandag<br>4 Augustus<br>14:00 | o/13A vs Menlopark o/13A | Lynnwood |
| Maandag<br>4 Augustus<br>14:00 | o/13B vs Menlopark o/13B | AttSport A |
| Maandag<br>4 Augustusa<br>14:00 | o/12B vs Menlopark o/12B | Menlopark<br>A |
| Maandag<br>4 Augustus<br>14:00 | o/12C vs Menlopark o/13C | Old Boys B |
| Maandag<br>4 Augustus<br>14:00 | o/9C vs Tygerpoort o/9C | Tygerpoort<br>B |
| Dinsdag<br>5 Augustus<br>14:00 | o/12A vs Menlopark o/12A | Menlopark<br>A |
| Dinsdag<br>5 Augustus<br>14:00 | o/10C vs Rooihuiskraal o/10B | Old Boys B |
| Woensdag<br>6 Augustus<br>14:00 | o/9A vs Menlopark | Lynnwood |
| Woensdag<br>6 Augustus<br>14:00 | o/9B vs Menlopark | Menlopark<br>A |
| Woensdag<br>6 Augustus<br>14:00 | o/9C vs Menlopark | Menlopark<br>B |
| Woensdag<br>6 Augustus<br>14:00 | o/8 Blou vs Menlopark | Old Boys B |
| Woensdag<br>6 Augustus<br>14:00 | o/8 Groen vs Menlopark | AttSport A |
| Woensdag<br>6 Augustus<br>14:00 | o/8 Rooi vs Anton v Wouw | Anton van<br>Wouw |
| Woensdag<br>6 Augustus<br>14:00 | o/8 Wit vs Tuine | Laerskool<br>Tuine |
| Woensdag<br>6 Augustus<br>14:00 | o/8 Geel vs Doringkloof | Laerskool<br>Doringkloof |
| Donderdag<br>7 Augustus<br>14:00 | o/1A vs Menlopark | Lynnwood |
| Donderdag<br>7 Augustus<br>14:00 | o/10A vs Menlopark | Menlopark<br>A |
| Donderdag<br>7 Augustus<br>14:00 | o/8 Blou vs Anton v Wouw | Old Boys B |
| Vrydag<br>8 Augustus<br>14:00 | o/11B vs Menlopark | Old Boys A |
| Vrydag<br>8 Augustus<br>14:00 | o/11C vs Nog Onbekend | |
| Vrydag<br>8 Augustus<br>14:00 | o/10B vs Menlopark | Menlopark<br>A |
| Vrydag<br>8 Augustus<br>14:00 | 1ste span vs<br>Anton van Wouw | Lynnwood |

## LANDLOOP

Die eerste landloop liga het op Vrydag, 25 Julie 2025 te Prime View afgeskop. Ongelukkig het ongunstige weersomstandighede die liga kortgeknip en slegs 4 uit die 12 wedlope kon plaasvind. Die dogters en seuns o/8 en o/9 het onderskeidelik in hul wedlope presteer. Die o/10 tot o/13 seuns en dogters sal die wedloop wat hul op liga 1 misgeloop het op Maandag, 11 Augustus te Prime View inhaal. Ons volgende liga is op Vrydag, 1 Augustus te Laerskool Vissershoek.




Mia Ströhfeldt het 'n derde plek verower te Prime View.

| Dogters o/8 (1 km) | | Skole-Liga 1 |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Mia | Ströhfeldt | 3 |
| Lika | Pienaar | 12 |
| Caley | Lubbe | 13 |
| Isabelle | Barnard | 16 |
| Mia | Grobbelaar | 124 |
| Carli | Fourie | 157 |
| Ava | Pieterse | 158 |

| Dogters o/9 (2 km) | | Skole-Liga 1 |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Elizabeth | De Beer | 11 |
| Charlotte | Oelofsen | 12 |
| Megan | Van Rooyen | 34 |

| Seuns o/8 (1 km) | | Skole-Liga 1 |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Ansius-Dawid | Vermeulen | 28 |
| JJ | van der Westhuizen | 34 |
| Matthew | Horn | 39 |
| Liam | Steyn | 40 |
| Hanno | De Wet | 43 |
| Johannes | Moolman | 50 |
| Hugo | Slabbert | 62 |
| Nico | Barnard | 75 |
| Jan | Van Zyl | 133 |
| Noah | Steyn | 135 |
| Siyan | Schutze | 178 |
| Lanro | Ferreira | 244 |

| Seuns o/9 (2 km) | | Skole-Liga 1 |
|---|---|---|
| **Naam** | **Van** | **Plek** |
| Francois | Van Dyk | 27 |
| Rikus | Geertsema | 37 |

## RUGBY

Die afgelope vakansie het die volgende manne in hulle onderskeie provinsiale rugbyweke deelgeneem. Die manne het puik gevaar en ons is baie trots op hulle. Ongelukkig weens beserings kon Adam Strijdom en Michael Heyns nie aan alle wedstryde deelneem nie. Ons is steeds baie trots op hierdie spelers, dat hulle albei die spanne behaal het.

**JP Beukes (o/12)**



**Christo Dercksen (o/13)**






**Adam Strijdom (o/13)**



**Michael Heyns (o/13)**



## KRIEKET AKADEMIE: GHOLFDAG




**Bespreek hier skakel:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfHy17zE6LkzbBwo4yOhDBs6oDlCElHFbWkbHCWm6A1bANzxg/viewform?usp=header

## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**
Kwartaal 3: 22 Julie tot 3 Oktober
Woensdag, 24 September: Publieke vakansiedag (Erfenisdag)
Kwartaal 4: 13 Oktober tot 10 Desember

**2026**
Kwartaal 1:14 Januarie tot 27 Maart
Kwartaal 2: 8 April tot 26 Junie
Kwartaal 3: 21 Julie tot 23 September
Kwartaal 4: 6 Oktobert tot 9 Desember

## K U L T U U R

**PRETORIA EISTEDDFOD**
**Sessie 2:** Sluitingsdatum vir Kunsinkrywings is **1 Augustus 2025**.

Inhandiging van kunswerke (slegs 'n foto) kan tot en met **5 Augustus 2025** geskied.
Gaan gerus na www.pretoriaeisteddfod.co.za vir meer inligting en datums van beoordeling.
Vir enige navrae kan 'n e-pos aan juffrou Marnie Krige gerig word marnie.krige@lynnwoodlaer.co.za

### REDENAARS

Baie sterkte aan al die redenaarsleerders met hul kompetisies wat nog sterk in aanvang is.

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor.
Let wel: Spanredenaarslede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**Redenaargedagte vir die week**:
"*Never let pride be your guiding principle. Let your accomplishments speak for you.* " Morgan Freeman

## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIE

### GIMNASTIEK

Emilia Bester het TUKS Universiteit verteenwoordig met haar deelname aan die GGC Internasionale Gimnastiek Kompetisie in Malta deelgeneem.

Sy het 'n bronsmedalje vir vloer, goud vir die spronge, silwer vir brug en goud vir balk ontvang.
Baie geluk!



## PERSONEELVERJAARSDAE

**AUGUSTUS**

2 Liani van der Berg (o/w ass)
5 Charlotte Mooij (ontvangs)
8 Chanté du Plessis (o/w)
14 Petrecia Mali (pre-prim ass) en Marlenique Blom (naskool)
16 Zanele Matchebe (alg. ass)
17 Almari Munik (naskool)
21 Lisa van Rooyen (o/w ass)
25 Estie Krause (naskool)
31 Nettie Steyn (pre-prim)





## LYNNIES BIDGROEP




<u>BID VIR LYNNIES</u>
Woensdae 07:25 v
oor die hoofhek, of in juffrou Ilsé se kantoor.
Kontak Anlia 082 927 1020

<u>**Steve Stolk**</u>
**UITVOERENDE HOOF**


Wapadrant Gemeente
Sunriseweg 3, Olympus
15 AUGUSTUS 2025 18:30
ELVIS BLUE
VOLWASSENES R200
HOËRSKOOL KINDERS R100
LAERSKOOL KINDERS R50
WORSBROODJIES R30
KAARTJIES & BESTELLINGS:
(012) 991 1395
kantoor@gkwapadrant.co.za


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
bigbox.co.za
0861 44 74 74


GRUB house
Burgers, Pizza, Wings, Shakes and more...
come get messy! with the GRUBhouse Family!
www.grubhouse.co.za